



Dubbel blok-en-bloei-kleppe

Maart 2012



1. Dubbel blok-en-bloei kleppe gestel om produk te voer



2. Dubbel blok-en-bloei kleppe gestel om produk van toerusting te isoleer

Die Desember 2012 Beacon het 'n insident beskryf waar 'n uitlaat nie 'n prop op gehad het nie en vlambare materiaal uitgelek het. 'n Brand het ontstaan wat een persoon se dood veroorsaak het. Dit herinner ons aan die belangrikheid van proppe op dreinypipe en uitlate. In die geval van 'n blok-en-bloei-afsluitsisteam, is proppe gewoonlik nie nodig nie en moet een klep altyd oop wees. Slegs in spesiale gevalle, soos wanneer toerusting geïsoleer word vir instandhouding word proppe gebruik. Maak seker jy weet hoe om 'n blok-en-bloei-sisteam te gebruik en wanneer so 'n sisteam proppe nodig het.

Hoe werk 'n dubbel blok-en-bloei-sisteam?

Dit word gebruik as meer positiewe afsluiting nodig is. Daar is gewoonlik twee afsluitkleppe (kleppe 1 en 2 in die sketse) en 'n dreinklep (klep 3) wat uitlaat na 'n veilige plek, volgens omgewingsvereistes. As vloei nodig is word die kleppe gestel soos in skets 1, met kleppe 1 en 2 oop en die dreinklep 3 toe. As positiewe afsluiting nodig is, word die kleppe gestel soos in skets 2, met afsluitkleppe 1 en 2 toe and dreinklep 3 oop. As klep 1 lek of per ongeluk oopgemaak word, is die isolasie nog steeds positief omdat klep 2 toe is en materiaal dan by die dreinklep uitloop na 'n veilige plek toe. Daar is geen druk tussen die kleppe nie omdat dreinklep 3 oop is. As 'n enkel klep gebruik word is dit nie moontlik om te weet of die klep verbylaat nie.

Wanneer gebruik mens blok-en-bloei-sisteme?

Meestal waar positiewe afsluiting noodsaaklik is soos:

- Outomatiese afsluitsisteme, soos om gas na branders positief af te sluit. Gas wat deurlek kan 'n ontploffing veroorsaak.
- Isolاسie van gevaarlike stowwe, temperatuur of druk na toerusting waar instandhouding gedoen word of waar dit tydelik uit bedryf is.
- Om stoomverhitting af te sluit na 'n lotproses waar verhitting deur 'n klep wat verbylaat in party stappe van die proses gevaarlik kan wees.
- Om grondstofvoer af te sluit wat in sekere prosesse nodig is maar in ander gevaarlik of skadelik kan wees.

Wat kan jy doen?

- ➔ Jy moet die blok-en-bloei-stelsels van jou aanleg verstaan en weet wanneer die dreinklep oop moet wees of wanneer daar 'n prop op moet wees. (Dit mag verskillend wees vir verskillende toepassings.)
- ➔ Jy moet verstaan hoe om die blok-en-bloei-stelsels van jou aanleg te gebruik, hoe om kleppe in die regte volgorde oop en toe te maak. Maak seker jy weet wanneer die dreinklep oop moet wees en wanneer daar 'n prop op moet wees vir elke toepassing.
- ➔ Vir outomatiese blok-en-bloei-stelsels het die dreinklep gewoonlik nie 'n prop op nie, maar vind uit of dit nodig is by die aanlegingenieurs.
- ➔ Maak seker wat kan uitgelaat word by die dreinklep en dat dit na 'n veilige plek toe gaan. Die aanlegingenieurs sal bepaal wat in elke geval 'n "veilige plek" is en dit sal afhang van watter materiaal dit is sowel as temperatuur en druk. As jy twyfel, maak seker.
- ➔ Neem kennis dat blok-en-bloei-stelsels soms vervaardig word as 'n enkele eenheid met al drie kleppe ingebou. Wees bewus van sulke sisteme, want dit mag dalk anders lyk.

Weet hoe om blok-en-bloei-stelsels te gebruik!